

30 September

Skrifgedeelte: Psalm 22:1-32

Fokusgedeelte: NGB, Art 21

Van God verlaat

Oor die teoloog Bonhoeffer het iemand geskrywe: “Omdat hy eensaam was het hy teoloog geword; omdat hy teoloog was het hy eensaam geword.” Hierdie woorde is seker waar vir meer mense as net Bonhoeffer. Daar is ’n eensaamheid in elke mensehart wat ons na God dryf, maar juis die worsteling met God kan soms vervreemding meebring. Dit is ’n vervreemding van jouself, die wêreld en medemense.

Iets hiervan sien ons by Dawid in Psalm 22. Hy verlang na die intieme verhouding wat sy voorvaders met God gehad het (vers 5-6). Juis daarom is dit vir hom baie erg as die nood naby kom en dit voel of God ver is (vers 12). In sy vervreemding en eensaamheid voel Dawid soos ’n wurm (vers 7) en ’n potskerf (vers 16). Die wêreld is vir hom wreed, vyandig en vol roofdiere wat verskeur (vers 13-14), terwyl niemand hom help nie (vers 12).

Dit is juis Dawid se uitroep in sulke omstandighede, naamlik dat God hom verlaat het (vers 2), wat deur Jesus as eie kruiswoord oorgeneem word. In Jesus se OOR-neem lê ook ’n WEG-neem. Jesus kom om vervreemding te deurbreek. Hy word in ons plek ’n vervreemde, verlate mens, sodat ons God kan vind; daarom kon Dawid ontdek dat God tóg by Hom is (vers 22).

Ook jý is vandag nie van God verlaat nie. Die vervreemding IS deurbreek! Christus maak jou deel maak van ’n vergadering gelowiges, ’n gemeente. Hier is jy nie ’n nuttelose potskerf nie, maar sy getuie wat sy Naam moet groot maak (vers 23). Doen dit met oorgawe en die vervreemding sal verdwyn. Selfs die vyandige wêreld sal mettertyd buig en God as koning erken (vers 28).

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~